Arbeidsbediening

Industrial Ministry in South Africa IMSA

nuusbrief 2011 Semester 2 newsletter

Privaatsak/Private bag X8 • Bellville 7535 • Tel 021 957 7189/4 • cbrink@kaapkerk.co.za • www.arbeidsbediening.co.za

Peace and Justice in the Marketplace

The World Council of Churches recently hosted an International Ecumenical Peace Conference in Kingston, Jamaica. One of the themes of the conference was "Peace in the Market-place".

The focus text of this theme was Matthew 20: 1-16, the parable of the labourers in the vineyard; the farmer who went out to recruit day labourers. He agreed to pay the day labourers who started early in the morning a full day's fee. During the course of the day he needed more workers and so at nine, twelve, three and five o'clock, he went out to employ more workers.

At the end of the workday he gave instructions to his foreman to pay the wages, beginning with those who started work last. When they got a full day's pay, the other workers who started earlier thought they will be paid more. Everyone got the same however, regardless of when they started. When those who worked all day protested, the farmer said, "Friend, I do thee no wrong at all. Did you not agreed to the ordinary day's pay? Take your money and go home. I want to reward the last one the same as you. "

The concept of fair compensation is turned on its head in this parable. It describes God's grace and how the kingdom of God should be understood. Jesus tries to explain to us how God bestows His grace to everyone, regardless of earnings. However, when focusing on the marketplace, Jesus teaches a completely different understanding of justice.

Productivity is not only measured by the input of the worker, but also by the goodwill of the employer. In the market and business world of today, workers and employers, especially as Christians, should begin to think radically differently about their role and relationships in the workplace. According to the World Council of Churches there cannot be peace in the workplace without justice.

Commentaries explain that a minimum daily wage was equal to what a day labourer needed to survive for a day. Moreover, day labourers were paid at the end of the day because they needed the money immediately. According to the parable Jesus expected of employers to act fairly, so when the farmer pays each one a daily wage, he ensures that every labourer has enough, at least for that day.

In the contemporary marketplace, however, the emphasis is too much on performance (work) and compensation (payment). What about other values that should play a role? As the owner said: "I want to pay this last one the same as you." The farmer broke away from the so-called norm of his day and set a different standard.

Is this not what is expected of Christian businesses?

Rev. Malcolm Damon Executive Director
Economic Justice Network of FOCCISA



Ons, as God se familie, sorg vir mekaar

'n Ooggetuie vertel hoe hy een oggend 'n seuntjie van so tien jaar in een van New York se strate op 'n sypaadjie sien staan het. Dit was 'n baie koue dag. Die seuntjie het gebewe van die koue omdat hy kaalvoet was. Hy het voor 'n skoenwinkel gestaan en staar na skoene in die uitstalvenster.

Die toeskouer hoor toe hoe 'n vrou wat by die seuntjie verbystap, aan hom vra waarom hy dan so stip na die winkelvenster staar. Sy antwoord was: "Ek was besig om vir die Here te vra om vir my ook 'n paar skoene te gee …"

Die vrou het dadelik die seuntjie aan die hand geneem en die winkel binnegestap. In die winkel het sy die assistent gevra vir ses pare sokkies, asook 'n skottel met water en 'n handdoek. Daarna het sy die seuntjie na die stoor geneem, haar handskoene uitgetrek, gekniel, sy voete gewas en met die handdoek afgedroog.

Toe die klerk die sokkies bring, het sy vir die seuntjie 'n paar aangetrek en daarna vir hom 'n paar skoene gekoop. Nadat sy die ander sokkies ook vir hom gegee het, glimlag sy vir hom en sê: "So ja, nou is jy gewapen teen die koue!"

Toe sy haar handsak vat om weer verder te stap, gryp die outjie haar hand, kyk haar met betraande ogies in die oë en vra: "Tannie, is tannie God se vrou?"

Ek dink iets van daardie seuntjie se dankbaarheid is ook by ons binne Arbeidsbediening se werksaamhede teenwoordig. Ons weet God het nie 'n vrou nie, maar Hy het kinders – en God gebruik ons, as sy kinders, om gebede te verhoor.

Arbeidsbediening: Tuinroete George
Pietie le Roux
044 884 1404
pietie.leroux@absamail.co.za
http://tuinroete.arbeidsbediening.co.za

Van die redakteur

Carin Brink

Toe ek klein was, het ek Jesus altyd voorgestel as Kersvader wat met 'n wolkombers sit en sy arms na my uithou sodat ek op sy skoot moet kom sit – 'n glimlag het dan op ons gesigte verskyn. Niks in die wêreld kon my dan ontstel of bang maak nie.

Die lewensreis is ongelukkig nie so maklik en ongekompliseerd nie; dit het ek gou agtergekom toe ek as maatskaplike werker met mense op verskillende lewensreise kennis gemaak het. Die prentjie wat ek gekry het, was meestal van mense wat geen toekomsvisie het nie – moedelose en gebroke mense; mense wat op 'n treurmare van 'n lewensreis is.

As maatskaplike werker kon ek nie hulle lewens verander nie, maar die blote betrokke wees en aanraak van die mens in nood, het die lewensuitkyk van moedelose en gebroke mense kom verander. Wanneer ons mense aanraak en iets van Jesus se liefde weerspieël, neem die Here self oor en vou Hy mense in sy omhelsing van veiligheid en sekuriteit toe.

Die stilhouplek waar jy vertoef, moet die Bybelse beginsels reflekteer en nie die wêreldse norme waarmee ons so telkens gekonfronteer word nie.

Wat is jou ervaring van jou betrokkenheid by God se mense?

Lees in hierdie uitgawe die getuienis van Haseena wat uit die Moslem-tradisie kom en haar tot die Christendom bekeer het, die bedelaar wat 'n werk gekry het en die plaasarbeider wie se sosiaal-maatskaplike probleme verbeter het.

Ashton Dunjwa, hulpwerker van Mosselbaai, getuig so treffend as hy sê: ”By alle beproewings en versoeke wat ek teëkom, is Hy my 'skuilbos', want Hy gee baie om vir my lewe.”

Gaan met hierdie uitgawe op reis saam met mense wat binne Arbeidsbediening iets van Jesus se liefde weerspieël. 'n Suksesvolle reis beteken dus nie dat dit altyd met jou goed sal gaan nie, maar die geheim is dat Jésus die padkaart vashou, en nie jy nie.

From the editor

When I was little, I always imagined Jesus as Father Christmas wrapped in a woolen blanket, stretching his arms out to invite me onto his lap – a smile appeared on our faces and nothing in the world could upset or scare me then.

The journey of life, however, is not so easy and uncomplicated. This I realized soon enough as a social worker when I got acquainted with various people on their different life journeys. The impression I got was that most of these people have no vision at all - broken people without hope; people on a journey filled with sadness and sorrow.

As a social worker I could not change their lives, but caring and tending to these broken people in need and without hope, changed their outlook on life. When we touch people and reflect something of God's love, the Lord himself embraces them in his safety and security.

The places of rest and recomposing during your life's journey must reflect biblical principles and not the worldly standards with which we are confronted with so often.

How do you experience your involvement with and caring for God's people?

In this issue you will read the testimony of Haseena from the Muslim tradition, and her conversion to Christianity, the beggar who found a job, and the farm labourer whose social welfare problems have improved.

Ashton Dunjwa, support worker from Mossel Bay, witnesses so touchingly when he says: "In all tryings and temptations that I encounter, He is my 'skuilbos' (the bush which covers and protects me) because He cares a lot for my life."

Journey with this issue to meet people within Industrial Ministry who reflect something of God's love. Success does not mean that everything will always go well, but the secret is that Jésus is holding the map of your life's journey and not you.

De Eiken - boer vir die Here

So dertig kilometer buite Ceres is die plaas, De Eiken, in die pragtige omgewing van die Lakenvleidam geleë. Dit is voor-waar een van die spogplase daar en behoort aan Wilhelm de Kock.

Ons is bevoorreg om twee maal per maand, op 'n Vrydag, die Woord van die Here op dié plaas te bring. Dit is 'n belewenis en altyd iets om na uit te sien. Hier sien ons hoe die Here met sang en gebed deur ál die mense – die eienaar, plaasbestuurder, toesighouers en werkers – geloof word. Vroegoggend, nog voor die diens begin, kom die dertig of veertig mense bymekaar en begin spontaan hardop te bid, elkeen op sy of haar eie, soos in 'n koor waarvan die gebede opstyg tot die Vader.

Ten spyte van 'n vol werksdag maak hierdie mense nog tyd om hulle natuurlike sangtalent te beoefen, want by byna elkeen van hierdie geleenthede word daar dan in kore ook gesing; mans-, vroue- of gemengde kore.

Op hierdie plaas word ruim tyd afgestaan om die Here te loof en te prys. Almal erken die grootheid en goedheid van die Vader en is nie skaam om met dankbaarheid daaroor te getuig nie. De Eiken word aan sy vrugte geken; dit lewer van die mooiste vrugte in die distrik.

Ons dank die Here elke dag vir sulke plaaseienaars – wat nie net in besigheid is om geld te maak nie, maar ook daarmee saam die eienaarskap van sy plaas aan die werklike Eienaar erken; wat volgens die Here se reëls en opdragte boer. Sodoende word die werknemers op hierdie plaas ook geestelik versorg. Ons loof en dank die Here vir De Eike se mense.

Arbeidsbediening: Ceres
Willie Smit
083 231 2744, whsmit@yahoo.com

Gemeenskapsprogramme wat hoop gee

In 'n hoogs komplekse samelewing met diverse kulture, gelowe, politieke oortuiginge en tale soos in Suid-Afrika, word met reg gevra in watter mate ons as Christene 'n blywende praktiese bydrae lewer en 'n verskil maak.

Die vraag moet beantwoord word teen die agtergrond van 'n sosiale omgewing waar daar 'n skerp kontras tussen ryk en arm is. Tot dusver toon die sosiale omstandighede van die armes, veral in landelike gebiede, nog geen noemenswaardige verbetering sedert Suid-Afrika die era van 'n vrye demokrasie betree en omarm het nie. Hierdie uitdagings word verder aangehelp deur verslegtende ekonomiese omstandighede, wat toenemende werkloosheid tot gevolg het. Daaglikse pogings van ouers (veral enkelouers) om klere en kos aan hulle kinders en families te verskaf, word 'n al groterwordende stryd. Ongelukkig het dit meestal tot gevolg dat 'n moedeloosheid by hierdie mense intree, en hierdie gees van wanhoop word moeilik begryp deur die bevoorregtes in ons samelewing – hulle wat nog nooit met sulke omstandighede gekonfronteer was nie. Hierdie moedeloosheid kom onder andere tot uitdrukking in onaanvaarbare sosiale gedrag soos dwelmmisbruik, drankverslawing, seksuele misbruike en 'n algemeen-morele verval in die lewens van individue, families en die samelewing.

Ons fokus daarop om in die behoeftes van voorheen-benadeeldes en minderbevoorregtes, veral plaasarbeiders, hulle gesinne, families en vriende en die landelike gemeenskap te voorsien. Hierdie diens word teen vergoeding deur die *Institute for Life Skills Development*-span aan die teikenmarkgroep werkgewers aangebied.

Die holistiese diens is daarop gefokus om die sosio-maatskaplike omstandighede van individue en huisgesinne te verbeter met die doel om uiteindelik 'n meer produktiewe werkerskorps daar te stel.

Die diensleweringsprogram het ten doel om so gou moontlik die hele Suid-Kaap, Klein-Karoo en later ook ander dele van die Wes-Kaap te bedien. Die gebied bestaan uit ongeveer 500 boerdery-eenhede en 'n geraamde arbeidsmag van tussen tweeduisend en drieduisend mense. Behalwe drie NG-gemeentes, sluit die gebied ook ander kerkverbande, soos die VGK, AGS, Vrye Evangelie, Nuwe Apostels en Congregational Church, wat in die teikenmark ingesluit is, in.

Die boerderybedrywe in die gebied is redelik arbeidsintensief, met arbeiders wat op die plase huisvesting geniet. Die bediening van die arbeiders word met die eienaars se toestemming op die plase self, aan die hand van programskedules wat die mins-moontlike onderbreking in die dagtake van arbeiders veroorsaak, aangebied. Die gebied wat bedien word, is baie groot en die dienste wat aangebied word, geskied streng volgens 'n tydrooster.

Hierdie gebied het met van die grootste, uitdagendste sosiale omstandighede te kampe. In baie gevalle word hier 'n arbeidsmag aangetref wat sonder 'n toekomsvisie of verwagtinge is. Hul stel ook nie vir hulself enigsins die moontlikheid van 'n verbetering in geestelike- en lewensomstandighede in die vooruitsig nie.

Byna al hulle behoeftes word suksesvol deur die *Institute for Life Skills Development* en *Arbeidsbediening* aangespreek. Dit bied die moontlikheid van 'n geestelik-geïnspireerde en gemotiveerde werker en werkerskorps, wat tot eer van God leef en werk.

Vir meer inligting kontak: Ds. Floors Meyer by 044-873 2327 / floors@mweb.co.za

"I want to know about God"

Robert Wileman from Biblia Harbour Mission, Cape Town, told us the story of how a chef, Kyaw Min Oo from Myanmar, one day approached him because he wanted to know more about God. After the chef made Robert a cup of coffee he came to sit with him at the table. Although he was a Buddhist, he wanted a Burmese Bible because: "I want to know about God." It was a wonderful opportunity for Robert to share the gospel of Jesus Christ in depth with Kyaw Min Oo.

Robert explains: "I have a communications tool that I carry with me, which helps people to understand the gospel easier. It is based on Isaiah 59:2 and depicts the dividing wall between God and man because of sin. I explained to him that Jesus has already paid for our sins; therefore we can have a relationship with God. I was surprised to see how this good news, through the work of the Holy Spirit, hit him. There were actually tears in his eyes when he realized that God loves him and that He sent his Son to save us (Romans 10:13).

"Later, the waiter, Mark, a young Philippine also joined us. It was a very fruitful discussion.

"After I have delivered the Bible to Kyaw Min Oo, I received an e-mail from him saying, amongst other things: I have read your Bible in the night time when I finish work. I hope we will meet again. May God bless you too. Kyaw Min Oo."

Let us pray for these two new Christians, and may they always experience God's love and care.

Industrial Ministry: Biblia Harbour Mission
Robert Wileman
021-421 2328
seelui@mweb.co.za

"I have read your Bible in the night..."

God glimlag . . .

Wanneer sommiges nog sukkel om die Kersvakansie-roes af te skud, is die Arbeidsbedieningspan in die Kom ywerig besig om die hoogtepunt van hulle jaarkalender, die Vrugteverkoping, se laaste reëlings te finaliseer.

Die geleentheid vind jaarliks op 'n Vrydagoggend in Januarie by die plaaslike Moedergemeente se kerksaal plaas. Al die lede van Arbeidsbediening is daarby betrokke, asook die verskillende NGK-gemeentes van die Strand. Elke gemeente aanvaar verantwoordelikheid vir die bemanning van 'n tafel asook die voorsiening van produkte vir daardie tafel. Die Woensdag- en Donderdagoggend vertrek drie of vier voertuie reeds vroeg na nabygeleë plase by Somerset-Wes, Villiersdorp, De Doorns en Grabouw om vrugte, wat deur boere goedgunstelik geskenk word, te versamel. Die vrugte word dan in kleiner sakkies verpak vir verkoping.

Soos enige basaar of kermis, moet daar natuurlik pannekoek wees. Tydens die verkoping kan moeë kopers by die "koffiewinkel" heerlike pannekoek en koffie of tee geniet. Niemand vertrek huis toe sonder 'n heerlike bakkie poeding en 'n paar pakkies vrugte nie. As gevolg van die vele skenkings, kan die vrugte teen baie bekostigbare pryse verkoop word.

Vir die koper wat nie na die produk kan kom nie, neem ons die produk. Sommige Arbeidsbedieningslede onderskei hulleself jaarliks as uitstekende 'smouse'. Vrugte word na die verskillende aftreeoorde geneem en daar verkoop. Oom Gerrie, een van ons aktiewe, meer senior lede se raad aan die 'smouse' was: "Neem rooi én swart druiwe; 'n oumens wil 'n keuse hê!" Dit was inderdaad goeie raad, want dit is presies wat ons ondervind het. Dankie, oom Gerrie.

Ons staan elke jaar verstom oor mense se harte wat warm klop vir die werk van ons Skepper. Waar spanwerk floreer, floreer die Here se werk. Hy is daar waar een of twee in sy Naam bymekaarkom, maar ek dink Hy glimlag as 'n gróép in sy Naam bymekaarkom, saamwerk en hulle beywer vir die uitbreiding van sy Koninkryk.

Lank leef die Arbeidsbediening in die Kom!
KONTAK gerus vir Jan van den Bergh by 021-853 1631 indien u volgende jaar graag wil bydraes gee.

Staff Support Ministry at Eskom.

Faith in practice

Deon Blackburn and members of the Local Action in the Paarl and Franschhoek at the breakfast:
Back row fltr: Ben de Goede, Deon Blackburn, Eddie Orsmond and Wayne Botha.
Front row fltr: Emmerencia Smith and Ria de Goede

On Friday morning, 18 March, fifty people from the business world and the Local Action Paarl and Franschhoek, enjoyed a breakfast at the Pontac Restaurant in Paarl while listening to the testimony of a local businessman, Deon Blackburn.

Deon, a lawyer from Paarl, shared with the group how he lives and experiences his faith in the practice of everyday business life. He lives a quiet Christian life and is an example of someone who loves the Lord and serves without having to be seen and recognized.

The guests were very grateful to God for the quality of believers in the business world – people who make a difference and help to develop their societies; ordinary people who live in God's presence, while meeting the demands of the workplace in a sustainable way.

Deon's testimony inspired us all and gave us tremendous hope in the power of God Almighty, because He is also our Lord in the workplace.

In the footsteps of the Lord ...

JD implements is one of the several businesses in Swellendam that is served with God's Word by Industrial Ministry. Koos Dirks, one of their employees, witnesses:

"Our staff is always looking forward to this monthly event with great excitement. The short, powerful messages means a lot to us. It is hard to know that many people do not experience this wonderful privilege of ministering that we do. These messages help us to cope with difficult days and to increase our trust in our Heavenly Father in tough times.

"The past Easter weekend one of our colleagues was attacked by two robbers and stabbed with a knife, but luckily he survived. This traumatic event has reminded us that Jesus died on the cross so that we may live. We thank our Creator for such a tangible proof of his care and love for us."

Lord, may your Word give us the strength to follow in your footsteps every day.

Industrial Ministry: Swellendam
Andries Truter
028 514 1818
apiegee@telkomsa.net

Wil u graag 'n donasie gee?

Besoek ons nuwe webwerf by www.arbeidsbediening.co.za en klik op 'Raak Betrokke'.

Would you like to make a donation?

Visit our new website at www.arbeidsbediening.co.za and click on 'Get Involved'.

Die ongelukkige werknemer

Baie werknemers kan met Francois se eietydse verhaal vereenselwig. Hy het 'n goeie werk waarvoor hy toepaslik gekwalifiseerd is, maar hy voel onvergenoegd; hy vind nie werksbevrediging nie. Hy staan krities teenoor die werk – die omstandighede, die bestuur en die bestuurstelsel. Hy is ook van mening dat hy oor die hoof gesien word vir bevordering en dat die bestuur dus iets teen hom het.

Francois is in 'n negatiewe spiraal vasgevang wat besig is om hom na onder te trek. Hoe meer hy sy ongelukkigheid die oorhand laat kry, hoe meer voel hy negatief oor die werk. Hoe meer hy (volgens hom) probeer om positief te wees, hoe meer pik die "base" op hom. Hoe meer hy so ontevrede voel, hoe minder beteken hy vir die maatskappy waar hy werk. Hy verloor belang, fokus nie meer nie, doen sy werk half en is dikwels laat met die uitvoering van opdragte.

'n Mens is veronderstel om jou werk te geniet. Die Prediker sê: "Ek het gesien dat daar niks beter is nie as dat die mens vreugde vind in sy werk; dit is wat hom toekom ..." Hiermee gaan egter verantwoordelikheid gepaard. Aan die een kant het Francois die verantwoordelikheid om beheer te neem oor sy emosies en om sy gesindheid te ondersoek. Negatiwiteit, ook oor jou werksomstandighede, bring jou nêrens nie. Spreuke 4:23 sê: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." So ook Spreuke 15:15: "Dit gaan altyd sleg met 'n bedrukte mens; die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees."

Aan die ander kant het Francois se bestuurder die verantwoordelikheid om sy ongelukkigheid aan te spreek. Onregverdigheid, ook in die werkplek (selfs al spruit dit uit persepsies), deug nie. Die gevoelens van jou medemens is belangrik, veral ook as jou medemens aan jou onderskik is. Ons roeping is immers om met liefde en respek teenoor almal op te tree. "Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld." (Rom 12:10)

Dissipline, toewyding, harde werk en lojaliteit spruit voort uit 'n kultuur van omgee. Waar mense vir mekaar omgee, is daar vir elke probleem 'n positiewe resultaat.

Ten slotte is hieruit vir ons almal 'n les te leer: "Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort." (Ps 37:3)

Kontak George Rauch by 083 284 2760



Disabilities in the Workplace

The Employment Equity Act (No55 of 1998) has contributed to make the open labour market more accessible to people with disabilities. This law certainly does offer sufficient protection to employees with disabilities, but the concern is that race and gender are being given too much emphasis and that the interests of persons with disabilities are not receiving the necessary attention.

When employers provide suitable work opportunities, persons with a disability can add valuable skills and experience to the workplace. Contributing to the economy of our country will also reduce the isolation and financial hardship that this group often experiences. It is generally found that a person with a disability develops into a well-adjusted, productive worker in an atmosphere of acceptance, co-operation and goodwill. It is often found that workers with disabilities are more productive than their co-workers and that they are less absent from work and shows great loyalty towards their company.

The mistake that most people make in management is to view disability as a stumbling block. The attitudes of able people create difficulties in integrating and in managing diversity in the workplace. For many people hiring people with a disability will require a paradigm shift as persons with disability have historically been excluded from participation in society.

It is important to match the job and the person with the disability. Apart from checking that the person has the correct qualifications, the employer should establish the need for adjustments to the work environment, task or work hours. Most people are hesitant to employ people with disabilities because they think it could be an expense for the company, not taking into account the skills and value that person could add to the organization. The only costs involved in reasonable accommodation for persons with disabilities is the consultation with an occupational therapist that specialises in work rehabilitation. For such a small investment, the employee became fully productive and able to perform the job on the same level as other workers. Another possible solution is for management to involve people with disabilities to establish possible solutions in making the work environment accessible, this would definitely cut down on costs.

Far more people with disabilities should be given the opportunity to enter the workforce. Disability is a human rights and development issue, meaning that people with disabilities should enjoy equal rights and responsibilities to other people. The only way to overcome fears, myths and negative attitudes about the abilities of employees and applicants with disabilities, is through vigorous education and training within the private and public sectors. Experience has shown that people with disabilities are the best qualified persons to be the drivers of such education and awareness programmes.

Association for Physical Disabled
Jani Kriel
074 141 3839

Die Here is my skuilbos

Ashworth Dunjwa van Mosselbaai se lewe het radikaal verander nadat hy een Sondag na 'n preek geluister het.

Ashworth is in Mosselbaai gebore en het 'n goeie opvoeding gehad. Met verloop van jare het hy egter die pad byster geraak en het dwelmmiddels begin gebruik. Dit het daartoe gelei dat hy in die tronk beland en baie van sy lewensjare daar deurgebring het. Daarna het hy 'n boemelaar geword.

Een Sondagmiddag, terwyl hy na 'n preek geluister het, het hy dié woorde gehoor: “Deur een sondaar wat tot bekering kom, is daar blydskap in die oë van die Hemel se engele.” (Lukas 15 : 10). Ashworth beskryf dit só in sy eie woorde:

“Daardie woorde het my kwaai aangeraak, en my tot bekering laat kom, en dit was in 1991. Ek dank my Here Jesus Christus, wat my 'n tweede kans in die lewe gegee het, om my van al my sondes te vergewe en van my 'n nuwe skepsel te maak. As dit nie vir sy genade gewees het nie, kon ek vandag nie gelewe het nie. Vandag, Broeders en Susters, lewe ek myself voluit vir die Here, want Hy het vir my gebring waar Hy my wou gehad het; om 'n doeltreffende lewe te mag hê.”

Ashworth is vandag 'n getroude man en dien in die Volle Evangelie-gemeente. Die Here gebruik hom om sy verlore skape bymekaar te maak en mense te bearbei om God te dien. Hy bedien sedertdien die evangelie in samewerking met Arbeidsbediening op die markplein en ervaar die Here se seën op wonderlike maniere.

Ashton getuig ook:”By alle beproewings en versoeke wat ek teëkom, is Hy my skuilbos, want Hy gee baie om vir my lewe. Mag die genade en blydskap van God met julle wees.”

Abeidsbediening: Mosselbaai
Pierre Lamprecht
044 690 6003
arbeidsbedieningmsb@gmail.com

Dit woel in Oudtshoorn!

Die afgelope paar maande was 'n opwindende tyd vir Arbeidsbediening in die Klein Karoo.

Gedurende die tweede helfte van 2010 het ons vir die eerste keer in ons bestaan van ongeveer 30 jaar 'n Opedag gehad. Dit is aangebied by die Caves Aftreeoord op pad na die Kango-grotte, en is bygewoon deur verskeie sakemanne van die dorp. Dit was 'n mooi aand van getuienisse, sang en verslagdoening en is afgesluit met ligte verversings.

Verlede jaar is daar beplan om 'n teaterstuk gesamentlik aan te bied deur Arbeidsbediening en Karos- en Kambro-produksies. Die doel daarvan sou tweeledig wees: fondse sal ingesamel word en die werk van Arbeidsbediening kan sodoende wyer bekend gestel word. Hierdie teaterstuk is op Saterdag en Sondag, 28 en 29 Mei vanjaar aangebied in die African Sky Hotel en was 'n groot sukses. Ons verwag dat dit 'n vennootskap sal word wat nog van krag tot krag sal gaan.

Ons is ook baie opgewonde oor 'n nuwe geestelike werker wat tans by Arbeidsbediening se werksaamhede aangesluit het. Haseena kom uit die Moslem-tradisie en het haar bekeer tot die Christendom. Sy is verstoot deur haar eie gesin en gemeenskap toe sy Jesus Christus as haar Redder aanvaar het. Sy lewer uitstekende werk en het reeds by verskeie geleenthede haar getuienis gelewer.

Op 'n treurige noot: Een van ons jarelange geestelike werkers, oom Pottie (Pieter) Potgieter, is verlede jaar oorlede na 'n lang lewe van diens gewy aan Arbeidsbediening. Ons eer sy gedagtenis en sal hom mis.

Haseena

Arbeidsbediening: Oudsthoorn
André van Staden (Handel & Nywerheid)
044 272 3414
wes1@telkomsa.net

God's encouragement in the workplace

Even though you would start with Scripture reading and prayer in the workplace every day, it serves no purpose if Christian employers and employees work according to worldly standards instead of biblical principles the rest of the day.

The toughest challenge for any support worker in Industrial Ministry therefore, is to walk so close with God that his or her message will motivate and encourage everyone in the workplace. By allowing God to equip them through His Holy Spirit, they will deliver their utmost best. A Christian employer's and employee's lifestyle should reflect that they serve God in the workplace. The result of this will be faithfulness and an obedient response to God's calling.

As Christian leaders we must be careful not to encourage negative behaviour of a group's dissatisfaction. Submission to authority must be part of a Christian's equipment, because authority is instituted by God. Even though an employer could be an unbeliever, the purpose of the company's existence is still in the hands of God. Obedience to God brings inner peace, happiness and job satisfaction as a result.

Some employers regard the Industrial Ministry events as opportunities to be attended by employees only, but in reality it conveys a strong message to employees if employers attend also. It demonstrates that they need God and has a responsibility to live a lifestyle with Christian values as Christian employers.

Where God's love and compassion is experienced in the work place, problems will become subordinate to the challenges and discontent that may arise. God wants to be allowed to be honoured in the workplace, so that everyone can live and work according to His calling.

CONTACT: Andries Truter at
028- 514 1818 / apiegee@telkomsa.net.

Fishers for Christ

Great progress was made in recent years at both Kalk Bay and Hout Bay harbours. The focus was not so strong to reach masses of people, but rather to build specific relationships with individuals in a target group – Christians and non-Christians.

It is a slow process that will probably frustrate the passionate evangelist, but for those who value Friendship Evangelism know that with patience, it pays off good fruit – lots of quiet time, prayer, intersession, personal attention and waiting on the Holy Spirit will show you where He is at work. It is with great anticipation that we look forward to what our Lord will do next year.

None of this is possible without God's blessing, the continued support of our donors, motivation and encouragement from churches, and of course, the people to whom we reach out. In recent years the fishing ministry, in partnership with a local church, has been responsible to minister to fishermen.

In Hout Bay the members of the DRC Hout Bay committed themselves to serve as anchor to the ministering of fishermen in their community. During a worship service the chosen spiritual worker was blessed and sent out to minister within the fishing community. By this act the church has become an inextricable part of the outreach actions in Hout Bay. They also contributed financially to the development of facilities in the Biblia building on the harbour to the benefit of the local fishermen.

In Kalk Bay the Kalk Bay Community Church acts as the anchor and continuously joins hands together with us to spread the gospel. Regular youth meetings, soup kitchens, outings with children from local schools, open air services, prayer meetings, and more, are presented in partnership with other spiritual workers, churches and the Bible School. These activities are initiatives presented not only by us, but also by the mentioned partners, and we support one another wholeheartedly.

Jaco Leeuwner

Industrial Ministries: Kalk Bay
Marvin Petersen
021 788 2469
www.arbeidsbediening.co.za

Industrial Ministries: Hout Bay
Gerhard Petersen
021 790 4482
www.arbeidsbediening.co.za

Tolk-tolk in die Werkplek tot eer van die Here

IMPAK se bediening by *Cape Timber and Moulding* het met groot belangstelling begin.

Mnr. Anton de Kock het bepaal dat alle masjiene tien-voor-tien (tienuur is dit teepouse) op Woensdae afgeskakel word en dat almal die bediening vrywillig kan bywoon.

Die bywoning was aanvanklik goed, asook die inslag – verskeie Bybels en die Nuwe Testament (in drie landstale) is versprei. Mettertyd het al hoe minder Xhosasprekendes dit egter begin bywoon. By navraag is daar uitgevind dat die rede daarvoor is dat hulle die dienste nie so lekker verstaan nie. Die kwessie is by Impakvergaderings bespreek, en daar is voorgestel om 'n Xhosasprekende vir hierdie doel te kry.

Impak het ds. Simon Konzapi gewerf om gelyktydig met Willie Viljoen die weeklikse byeenkoms waar te neem. Hulle het twee groepe gevorm, maar dit het gelei tot die klagte dat twee kerke gevorm word, en enkele gereelde besoekers het ook begin wegbly.

Dit is met mnr. De Kock bespreek en op 1 Mei vanjaar is alle masjiene om tien-voor-tien afgeskakel en moes almal die geleentheid bywoon. Tydens hierdie geleentheid is almal teenwoordig, veral die eienaar en bestuur, deur Impak bedank vir die geleentheid en is daar uit 1 Petrus 2 van vers 6 tot 9 gelees:

Daarom staan daar in die Skrif: 'Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.' Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: 'Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword en 'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen 'n mens jou stamp.'

Die boodskap was as volg:

As die mense van Jesus se tyd huise wou bou, het hulle eers 'n sloot gegrawe en dan die fondament gelê. Daarna het hulle 'n hoekklip versigtig in die een hoek geplaas. Al die boustene is dan in lyn met hierdie hoeksteen gelê. As 'n steen nie plat was nie, of nie 'n reguit lyn help vorm het nie, moes dit gebeitel word. Dis op die hoeksteen neergelê en dan daarvolgens reg gebeitel.

Jesus nooi ons uit om onsself op Hom te kom neerlê sodat sy Gees ons kan reg "kap". Dan plaas Hy ons in sy Gebou, sy geestelike Tempel, waar Hy ons kan gebruik! Dit is die rede waarom Hy ons beitel en vorm.

Dit is wat ons as Boodskappers van Impak kom doen. Ons kom gee Jesus se boodskappe vir julle. Jesus gebruik hierdie woorde om julle te beitel sodat Hy julle kan gebruik. As julle dit so wil hê, sal ds. Konzapi alleen kom praat. As julle wil, sal ek die een keer praat en hy tolk. Volgende keer kan hy praat en ek tolk. Dit maak nie saak nie! Ons kom met Jesus se Liefde en kom vra net: "Kom aanvaar Jesus as Here en laat Hy julle bou sodat julle kan werk in sy geestelike tempel."

Lees asseblief die hele 1 Petrus 2 elke aand tot volgende Woensdag.

God, Onse Vader, ons almal kom lê onsself op die Kosbare Hoeksteen wat U gegee het, naamlik Jesus. Kom beitel ons sodat ons 'n lewende steen in U huis kan wees. Amen!

Daarop het mnr. Anton de Kock Impak bedank en al die werknemers verseker dat ds. Konzapi genooi is om die Xhosasprekendes te help en Willie Viljoen die Afrikaas- en Engelssprekendes. Voortaan sal die masjiene nie afgesit word nie en dié wat wil kom, kan die boonste lesingkamer om 10 minute voor teetyd op Woensdae gebruik. As almal egter wil kom, sal die masjiene afgeskakel word. Op hierdie manier kan die Boodskap dan saam-saam en tolk-tolk deur Willie Viljoen en Simon Konzapi aan die werkers oorgedra word.

Wat 'n wonderlike voorbeeld is dit nie van hoe ons almal daarna kan streef om God se Naam te verheerlik nie!

Arbeidsbediening: IMPAK
Willie Viljoen
(Koördineerder Noordelike Stadsgebiede)
Tel.: 021 957 7184 /
021 829 6523 (kantoor)
Sel.: 082 853 5652
impak4@kaapkerk.co.za